### *Die eerste skeppingsdag*

**157** **(Die Meester:)** "Daar staan tog geskrywe: "In die begin skep Elohim hemele en aarde, en die aarde het woes en leeg geword en in die diepte was duisternis; maar Elohim se Gees het oor die waters gesweef.

[2] En Elohim spreek: "Laat dit lig word!", en dit word lig. Elohim sien dat die lig goed was; toe skei Hy die lig van die duisternis. Hy noem die lig "dag" en die duisternis "nag". So ontstaan uit aand en oggend die eerste dag."

[3] Sien, dit is die woorde van Moses! As u hulle volgens hulle **natuurlike betekenis** opneem, dan moet u tog met die eerste oogopslag al sien watse groot onsin daaruit voortkom!

[4] Wat bedoel Moses dan met die "hemele" en die "aarde", waaroor hy sê dat dit in die begin geskape is? **Die "hemele" is die geestelike en die "aarde" is die natuurlike in die mens**; hierdie was en is nog steeds woes en leeg - net soos by u. Die "waters" is u slegte insig in alle dinge, die Gees van Elohim sweef wel daarbo, maar bevind Haarself nog nie daarin nie.

[5] Maar omdat Elohim se Gees steeds sien dat dit in u materiële wêrelddiepte verskriklik donker is, sê Hy as`t ware aan u: "Laat dit lig word!"

[6] Dan begin dit in u natuur skemer word en Elohim sien hoe goed die lig is vir u duisternis; maar u kan en wil dit self maar nie insien nie. Daarom vind daar dan ook `n verdeling in u plaas, dag en nag word naamlik geskei, en deur die dag in uself te herken, herken u dan die vroeëre nag van u hart.

[7] Die eerste natuurlike staat van die mens is die van diepe aand, dus nag. Maar omdat Elohim Hom `n lig gee, daarom is die lig vir die mens `n ware môrerooi **en so ontstaan uit die aand en die môrerooi van die mens werklik sy eerste lewensdag**.

[8] Dit is tog begryplik dat as Moses wat in alle wetenskappe van die Egiptenare ingewy was, in sy geskrifte die eerste natuurlike dag van die aarde wou aangee, hy met al sy kennis en wysheid tog wel sou gemerk het dat uit die aand en die môre nooit `n dag kan ontstaan nie, **want na die aand volg in die natuur altyd nog die donker nag**, en die dag kom eers na die môre.

[9] Wat dus tussen aand en môre lê, is nag; maar wat tussen môre en aand lê, is dag!

[10] As Moses gesê het: "En so ontstaan daar uit môre en aand die eerste dag!", dan sou u wel kon aanneem, dat dit die natuurlike dag was; maar hy sê dit om `n regte beeld te gee, presies omgekeerd, en dit het te maak met die aand en trouens die nag van die mens, wat heel begryplik is, omdat niemand nog ooit `n kind gesien het wat oor al die wysheid beskik nie.

[11] As `n kind in hierdie wêreld gebore word, heers daar in sy siel volkome duisternis en dus nag. Die kind word groot, kry allerhande onderrig en daardeur steeds meer insig in allerhande sake en dit is die aand, dit wil sê, **dit begin in die siel so skemerig te word soos dit vergelykenderwys saans is**.

[12] U sê wel dat dit ook smôrens skemer is en Moses kon dan ook gesê het: "En so ontstaan uit die oggendskemering en uit die eintlike ligte môre die eerste dag!"

[13] Dan sê Ek: Sekerlik, as hy volgens die betekenis van die **geestelike beeld** die grootste onsin aan die mense wou vertel het! Maar Moses het geweet dat net die aand ooreenstem met die aardse toestand van die mens; hy het geweet dat dit met die suiwer aardse verstandelike ontwikkeling by die mense presies so gaan as met die steeds swakker wordende lig van die natuurlike aand.

[14] **Hoe meer die mense met hulle verstand aardse dinge probeer vind, des te swakker word die suiwer goddelike Lig van die Liefde en van die geestelike lewe in hulle harte**. Daarom noem Moses so `n aardse lig van die mens ook die aand.

[15] Slegs wanneer Elohim deur Sy Barmhartigheid `n lewensliggie in die hart van die mens aansteek, dan begin die mens eers die onbeduidendheid in te sien van alles wat hulle eerder met hulle verstand, die geestelike aand, hulleself toegeëien het en hulle sien dan ook langsaam maar sekerlik steeds meer in dat al die skatte van dié aandlig net so verganklik is soos dié lig.

[16] Maar Elohim se ware Lig, aangesteek in die hart van die mens, **Hy is die môre wat met en uit die voorafgaande aand `n noodsaaklike voorwaarde is vir die eerste egte dag van die mens.**

[17] Deur hierdie verklaring wat Ek nou gee, moet u nou ook insien dit daar `n enorme verskil bestaan tussen die twee ligte of liewer insigte, **want alle kennis in die wêreldse aandlig is bedrieglik en daarom ook verganklik.** Slegs die Waarheid duur vir ewig; maar die bedrog moet uiteindelik tot niet gemaak word."

### *Die tweede skeppingsdag*

**158** **(Die Meester:)** "Dit sou egter maklik kon gebeur dat Elohim se Lig in die hart van die mens uitstroom in die aandlig in en dat niks daarvan oorbly of dat dit homself minstens so vermeng dat

die mens uiteindelik nie meer weet wat die natuurlike en wat die goddelike lig in die mens is nie.

[2] Daarom vestig Elohim `n vaste rots tussen die twee waters, waarmee die tweërlei kennis bedoel word waaroor Ek nou wel voldoende opheldering gegee het en Hy splits so die twee waters.

[3] Hierdie vaste rots is die eintlike hemele in die hart van die mens en kom tot uiting in `n ware lewende geloof, **maar in der ewigheid nooit deur leë en onbeduidende spekulasies van die verstand nie.**

[4] Daarom noem Ek nou ook diegene wat die sterkste en onwankelbaarste geloof het, `n rots en plaas hom as `n nuwe vaste rots tussen hemele en hel, en geen enkele duistere mag van die hel sal hom in ewigheid ooit kan bemeester nie.

[5] As so `n vaste rots in die mens `n plek gekry het en die geloof sterker en sterker word, dan maak die geloof steeds duideliker sigbaar hoe onbeduidend die natuurlike verstand is. Die natuurlike verstand laat homself dan deur die geloof regeer en so ontstaan in die mens uit sy aand en sy steeds ligter môre **die volgende dag, wat reeds baie ligter is**.

[6] In so `n toestand soos die tweede dag sien die mens nou reeds net dit wat die ware is, wanneer dit vir ewig volledig waar blyk te wees; maar tot `n regte ordening is hy nog steeds nie in staat nie. Die mens vermeng nog steeds die natuurlike met die suiwer geestelike, vergeestelik die natuurlike dikwels te veel en sien daardeur ook in die gees nog materiële dinge en is daarom ook nog nie definitief in staat om korrek op te tree nie.

[7] Hy lyk soos `n skoon waterwêreld, wat van alle kante omring is deur lug waar die lig daardeur skyn en hy uiteindelik nie in staat is om te onderskei of sy waterwêreld wat bestaan uit lig deurweefde lug, of dit uit dié waterwêreld ontstaan het nie. Hy weet nog nie duidelik genoeg of hy sy geestelike kennis uit sy natuurlike verstand verkry het nie, of het sy natuurlike verstand homself uit die menseskole ontwikkel het, wat waarskynlik al aanwesig was en daarom ook in die begin vir hom heimlik werksame geestelike kennis gegee het. Of, om dit nog duideliker te stel, **hy weet nie of die geloof uit kennis voortgekom het nie, of kennis uit die geloof voortgekom het nie** en wat die verskil is wat daar tussen beide bestaan het nie.

[8] Kortom, hy weet op die oomblik nog nie wat eerste daar was nie, die hoender of die eier, die saadjie of die boom nie.

[9] Dan kom Elohim weer en help die mens verder, as hy uit dit wat aan hom gegee is en dus uit eie krag genoeg gedoen het vir hierdie tweede dag van sy geestelike ontwikkeling. En die verdere hulp bestaan daaruit dat die lig in die mens versterk word, waardeur dit as die voorjaarson, nie net deur die groter ligsterkte nie, maar veral ook deur die warmte wat hierdeur veroorsaak word, alle sade wat in die hart van die mens gelê het, begin te bevrug.

[10] **Die warmte heet Liefde en is geestelik die bodem, waarin die sade gaan ontkiem en wortel gaan skiet.**

[11] En sien, dit is die betekenis van wat in Moses geskryf staan, dat Elohim beveel het dat die waters hulleself op bepaalde afgesonderde plekke moet versamel en dat die droë en vaste grond daardeur sigbaar word, wat die sade nodig het om uit te kan groei tot lewende en lewegewende vrugte!

[12] En daar staan geskrywe: “En Elohim noem die droë deel “aarde” en die water wat nou op bepaalde plekke versamel het, “see”.

[13] `n Vraag is dan: “Vir wie het Elohim dit so in woorde gegee?” - Sekerlik nie vir Homself nie, want dit sou tog alte lagwekkend wees om te dink dat die hoogste goddelike Wysheid `n spesiale plesier daaruit sou put sodat dit vir Haar, net soos vir `n mens, gelukkig sou maak om die droë deel “aarde” en die water wat op bepaalde plekke afgesonder was, ”see” te noem.

[14] Hierdie name kon Elohim egter ook sekerlik nie vir iemand anders gegee het nie, omdat daar buite Hom tydens die skeppingstyd nog geen enkele wese bestaan het wat Hom sou kon begryp nie!

[15] Die geskrif van Moses het dus beslis geen materiële, **maar slegs `n suiwer geestelike betekenis** en het met die vroeëre skepping van die wêrelde slegs in soverre te make, dat die geestelike betekenis tot uitdrukking gebring word deur middel van `n beeld wat teruggryp na hierdie skepping, dit wil sê **die geestelike word deur middel van `n materiële gebeurtenis weergegee** in `n verband wat waarskynlik slegs deur die wysheid van `n engel deurgrond kan word. Maar soos dit daar staan het dit slegs `n suiwer geestelike betekenis en toon eerstens aan hoe die individuele mens, en dan ook die hele mensdom hulleself van tyd tot tyd en van periode tot periode ontwikkel, van hulle oorspronklike noodsaaklike natuurlike gerigtheid na `n steeds suiwerder meer geestelik gerigte bestaan.

[16] So word in die mens `n skeiding aangebring, selfs binne die natuurlike gedeelte. **Die kennis het `n eie plek: Dit is die see van die mens**. En die **liefde** wat uit **die vrugbare bodem** van die kennis voortgekom het word steeds deur die see, synde die totale kennis van die egte lig, omspoel en versterk om steeds rykliker allerhande edele vrugte voort te bring.”